

# GERBER & LOUW (Pty) Ltd

FINANCIAL SERVICE PROVIDER  
FSB License: 2423

BELEGGINGS- PORTEFEULJE ADVIESDIENS: ALGEMENE INLIGTING: JULIE 2010

## PENSIOEN OF DISKRESIONÊRE PORTEFEULJES

“ Gekoppelde Beleggings - Portefeuljes” ( “Linked Investment Service Providers (LISP’ S)  
(In terme van die Wet op Kollektiewe Beleggingskemas))

Gekontraakteerde voorkeur LISP’ s is: Stanlib, Momentum Wealth, AIMS (Absa), Fairbairn Capital (Old Mutual), Investec en Glacier (Sanlam).

In breë trekke volg ons, die volgende beleggings benadering:

1. **Sinvolle diversifikasie** tussen portefeulje bestuurders en/of beleggingshuise, bateklasse en geografiese markte ten einde by die **risikoprofiel** van die belegger te pas sonder onnodige duplisering en koste intensiewe seleksies.
2. Die inagneming van ons kliënt se totale situasie in terme van **persoonlike behoeftes**, portefeulje samestelling, termyn, inkomstes en kapitale verwagtinge.
3. Blootstelling aan alleenlik portefeuljebestuurders / beleggingshuise wat oor die kort, medium en lang termyn **presteer** het.
4. Die benutting van ooglopende mark aanduidings ten einde **portefeulje aanpassings** te oorweeg na deeglike heroorweging van beleggingsstrategie.
5. Die openbaarmaking van **koste en fooi implikasies** ten opsigte van beleggings aktiwiteite, sowel as enige **belasting** en / of statutêre implikasies.
6. Deurlopende **evaluering van portefeulje prestasie**, en ooreengekome terugvoer daaroor.
7. **Implimentering** van ’n portefeulje met die **gekose seleksie van fondse** onder die bestuur van die belegger se voorkeur Batebestuurder of “Gekoppelde Beleggings Bestuurder”.

Bogenoemde strategie het ons tot dusver in staat gestel om risiko’s vir ons kliënte te minimaliseer en terselfdertyd kompeterende opbrengste te bewerkstellig. Ons funksie is deurgans **advieserend** sowel as die **implimentering** van kliënte se beleggingsbesluite.

Hierdie strategie beteken noodwendig dat fundamenteel gesonde beleggings beginsels nagestreef word en dat beleggers **nie** blootgestel word aan die risiko’s en wisselvallige omgewing verbonde aan o.a.; ’n hoë blootstelling aan ’n spesifieke bateklas, geografiese mark, aandeel, skema, wisselkoers, beleggings-gier ens. nie. Indien ’n belegger egter uitdruklike voorkeure in die verband het, sal ons met graagte bystand verleen in die implimentering hiervan, vir sover dit binne die geregleerde finansiële sektor val.

## FONDS / PORTEFEULJE SELEKSIE PROSES

Beleggers het ’n wye keuse van fondse om in te belê. Dit sluit RSA fondse sowel as buitelandse fondse in. ( Meer as 800 fondse ). Die fondse staan bekend as “Effekte Trusts” **of** fondse in terme van “Die Wet op Kollektiewe Beleggings-skemas” en die kapitale waarde van “eenhede” in meeste van hierdie fonds kan styg of daal, na gelang van verskeie omstandighede. Die beleggings fondse word gereguleer deur die Wet op Kollektiewe beleggings en is goedgekeurde beleggings instrumente deur die Raad op Finansiële Dienste(RFD). Die meeste van hierdie fondse is die primêre beleggings instrument van individue, instansies en pensioenfondse. Die fondse verskil in strategie vanaf redelik “konserwatief” tot “aggressief”, afhangende van die bateklasse waarin belê word. As ’n belegger se risikoprofiel, beleggingstermyn en persoonlike behoeftes eers vasgestel is, vernou die keuse van fondse egter aansienlik, en is dit die werk van ’n opgeleide, ervare en **geakkrediteerde Beleggings-Adviseur** om die die klient te adviseur ten opsigte van die beste fondse beskikbaar. .... / 2

## 2.

Die proses om toepaslike, uitstaande fondse te selekteer, wat ook vir die belegger 'n hoë vlak van sekuriteit bied en dan die portefeulje by die koste effektiëste Batebestuurders te plaas, vereis jare se ervaring, opleiding en spesialis kennis. In hierdie taak word ek bygestaan deur *GERBER & LOUW* se konsultante, en fonds bestuurders van die vernaamste batebestuurders.

### RISIKO PROFIEL

Die term verwys gewoonlik na die belegger se aptyt vir risiko in verhouding met sy strewe na, of behoefte aan hoër opbrengs op sy kapitaal. Die risiko wat hier na verwys word is die risiko van wisselende kapitalewaardes (veral dalings) van 'n portefeulje of fonds, en nie of die belegger sy of haar kapitaal totaal verloor of nie. Fondse gereguleer deur die wet en onder die RFD se toesig, bied 'n hoë mate van beskerming aan die belegger. Die meer konserwatief-, versigtige fondse bied normaalweg oor jare heen 'n stabiele prestasie en lae volitaliteit. Hoe meer aggresief die belegger is in sy strewe na 'n hoër opbrengs, hoe hoër is die risiko normaalweg om van tyd tot tyd dalings in waardes te ervaar. Hierdie meer aggresiewe fondse is gewoonlik die fondse wat oor tyd hul beleggers beloon vir die hoër risiko deur hoër opbrengste te behaal as meer konserwatiewe fondse.

In die finansiële sektor word normaalweg **onderskei tussen konserwatiewe-, versigtige-, gematigde-, aanduidende-, of aggresiewe beleggers**. Die **konserwatiewe belegger** vereis normaalweg 'n hoë mate van stabiliteit in die waarde van sy portefeulje al verdien hy of sy 'n laer of onkompeterende opbrengs. Hierdie belegger behoort slegs sy / haar kapitaal op vaste rente beleggings, geldmarkfondse en moontlik inkomstefondse te belê.

Aan die ander kant van die spektrum, sal die **Aggresiewe Belegger** 'n hoë mate van volitaliteit in die waarde van die portefeulje duld en sal hy of sy geduldig wag vir 'n uitstaande opbrengs. Suiwer aandele en spesialis aandele fondse (plaaslik en buitelandse) sal tipies deel uitmaak van so 'n belegger se portefeulje.

Verreweg die meeste van ons beleggers voel gemaklik met 'n **versigtige tot gematigde strategie**. Hierdie strategie het reeds vir ons, oor tyd, die mees konsekwente kompeterende resultate gelever, in vergelyking met geldmark koerse en die inflasie, met lae volitaliteit in waardes.

Die **Versigtige Belegger** is normaalweg iemand wat kapitaal belê vir pensioen inkomste doeleindes. 'n Hoër stabiele opbrengs as bank rentekoerse en geldmarkkoerse word verlang op 'n jaar tot jaar basis met minimum volitaliteit in kapitale waardes. Kapitaal beskerming met stabiele groei is 'n prioriteit. Hierdie belegger het 'n minimum van 3 jaar as beleggings horison. Indien die kapitaal diskresionêr is, (m.a.w. nie kapitaal uit 'n pensioen- of voorsorgfonds nie), verkies hierdie belegger dikwels toegang tot sy kapitaal indien dringend benodig, sonder beperkings of kapitaalverliese. 'n Tipiese portefeulje vir hierdie beleggers sal waarskynlik uit Inkomste / Effek-, Variërende Strategie Inkomste-, Eiendoms-, en /of Lae Aandele Gebalanseerde pensioen fondse, asook Bate Toedeling fondse, bestaan.

Die **Gematigde Belegger** belê gewoonlik met die doel om 'n stabiele markverwante groei op kapitaal te behaal. Hierdie belegger vereis ook kompeterende opbrengste in vergelyking met wat finansiële en kapitaalmarkte kan bied in gegewe ekonomiese omgewing omstandighede maar met aanvaarbare vlakke van volitaliteit. Die beleggings horison is normaalweg 5 jaar en langer en die belegger sal bereid wees om te wag ten einde optimale opbrengste te behaal. 'n Tipiese portefeulje sal moontlik Eiendoms-, Gebalanseerde-, Bate Toedeling- en Algemene Aandele fondse insluit, - moontlik ook met gebalanseerde buitelandse blootstelling. Afhangende van die belegger se voorkeure, kan hierdie strategie ook gevolg word met pensioen kapitaal.

Baie beleggers verkies om 'n middeweg tussen bogenoemde kategorië te volg. Bogenoemde klassifikasies is egter nie in "beton gegiet" nie. Verskeie variasies kan voorkom en veranderende marktoestande en persoonlike voorkeure kan tot ander samestellings lei. Dit is juis om hierdie rede waarom die samestelling van 'n gesonde beleggings portefeulje deur 'n spesialis Beleggings Adviseur hanteer behoort te word en nie deur 'n onervare adviseur of selfs die belegger self nie. Normaalweg sal die belegger self 'n duidelike indikasie gee wat sy voorkeur risiko kategorie is. Indien die belegger egter, na die bespreking van risiko kategorië, steeds onseker is, word 'n risikoprofiel vraelys gebruik om die belegger te lei in sy besluit.

### 3.

#### HISTORIESE OPBRENGSTE

Alhoewel historiese opbrengste nie noodwendig enige versekering gee van toekomstige opbrengste nie, mag die onderstaande tabel 'n aanduiding gee van potensiële resultate :

	<b>1 Jaar</b>	<b>3 Jaar</b>	<b>5 Jaar</b>
INKOMSTEFONDSE	9.39 %	10.2%	9 %
INKOMSTEFONDSE (Var. Strategie)	10.6 %	9.5 %	9.2 %
EFFEKTEFONDSE (Staats - & Korporatief)	10.3 %	8.4 %	7.6 %
PENSIOEN & LAE- AANDELEFONDSE	11.7 %	7.3 %	11 %
PENSIOEN & MATIGE AANDELE – Bate Allokasie	15.8 %	2.7 %	13 %
AANDELE - BATE ALLOKASIE – Teiken Opbrengs	13.2 %	5.9 %	11 %
AANDELE - BATE ALLOKASIE – Buigsaam.	17.8 %	5.3 %	13.4%
EIENDOMSFONDSE	26.2 %	9.1 %	18 %
ALGEMENE AANDELEFONDSE	21.3 %	2.8 %	16.2%
WÊRELDWYEFONDSE (Bate allokasie)	(-2.6 %)	3 %	8.9 %
<u>GELDMARKFONDSE</u>	<u>7.34 %</u>	<u>9.77 %</u>	<u>8.85 %</u>

**NB.** Hierdie resultate is gemiddeldes (jaarliks saamgestelde opbrengste) by naby benadering behaal op geselekteerde fondse in primêre sektore, in *GERBER en LOUW* se praktyk soos op 30 06 2010. Die opbrengste reflekteer nie kostes op beleggings-portefeuljes nie. (Ongeveer 1.25 % pj)

**LW. Al bogenoemde statistiek, maar veral die 1 jaar opbrengste, kan weekliks heelwat varieër.**

#### KOSTES

Vanselfsprekend is die koste op beleggings portefeuljes hoër as op bank depositos. Beleggings spesialiste is deurlopend besig om die belegger se kapitaal te laat werk binne 'n baie streng en duur geregleerde finansiële omgewing. Nogtans is daar reeds herhaaldelik bewys en gedokumenteer dat hierdie portefeuljes uiters kompetender is in terme van kostes. Kostes word spesifiek op kwotasies aangedui ten einde beleggers behoorlik toe te lig. Hierdie kostes neem aansienlik af op groter beleggings bedrae en varieër ook na aanleiding van die tipe portefeulje. Tensy die belegger uitdruklik 'n voorkeur beleggings huis verkies, soek ek deurgans die beste koste opsie beskikbaar van die primêre beleggings-instansies.

As Onafhanklike Beleggings en Finansiële Adviseur, is ek in 'n posisie om aan ons kliënte slegs die beste en mees kompeterende produkte en dienste van alleenlik erkende finansiële instellings aan te bied.

Ons sal u graag verder van diens wil wees.

Kobus Louw SEL: 082 881 2892

Finansiële en Beleggings-Adviseur  
CFP® (FPI Lisensie nr : 9601732); B.luris (UNISA)

FAKS : 086 6195 809

E.Pos : [kobuslouw@gerberlouw.co.za](mailto:kobuslouw@gerberlouw.co.za)

#### VRYWARING:

Alle inligting verstrekkend in hierdie dokument is spesifiek vir kliente of voornemende kliente van die skrywer en verteenwoordig nie noodwendig die siening, strategie, ens van enige ander persoon of instansie nie. Die inligting is verstrekkend deur die skrywer alleen en verg verdere verduideliking en uiteensetting. Sekere inligting is gebaseer op inligting verskaf deur gesaghebbende instansies en alhoewel sorg geneem word om die korrektheid daarvan te verseker, kan absolute korrektheid in alle gevalle nie gewaarborg word nie. Enige persoon of instansie wat enige besluite neem of implimenteer bloot op grond van bogenoemde inligting, doen dit op eie risiko aangesien ander faktore in ag geneem moet word of behoort te word.

E.mail : [financial@gerberlouw.co.za](mailto:financial@gerberlouw.co.za)  
Tel : 082 881 2892  
Fax: 086 6195 809  
Director: JC Louw ( CFP)

PO Box 824 : KLEINMOND ; 7195  
REGISTERED HEAD OFFICE : Chironia Singel 3870  
Betties Baai  
GERBER & LOUW (PTY) LTD 2001/026033/07